

Inhoud Hierdie preek wys dat niks in ons menswees onbreekbaar is nie, maar dat in ons breekbaarheid is god die heen wat ons hanteer deur al die bestierings wat Hy oor ons bring en al die ellende wat ons oor onself bring op so wyse dat Hy ons vir die lewe wat ons met Christus deel behoue laat bly. Christus sel lewe, niks in ons eie menswees nie is ons skat wat God in ons bewaar en voor bewaar.

Skriflesing: 2 Korintiërs 4: 7-15

Teks en tema: 2 Kor. 4:7:

“Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.” Jer. 1: 5: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is het Ek jou aan My gewy”

Tema: God bewaar ons vir die kosbaarheid om Christus se lewe te deel

1. Lizelle se dood as ma, ouma, suster en vriendin is vir ons weer eens 'n getuienis van wat Paulus in hierdie beeld stel.

Ons is maar kleipotte wat maklik breek!

Dit het ons in besonder op 'n baie intense wyse beleef in Lizele se liggaamlike broosheid die laaste paar jaar. Klei-potte wat maklik breek. Dit het ons ook in haar sagtheid as mens gesien dat hier is 'n mens wat maklik kan breek.

Die kleipotte waarna Paulus hier verwys is die Romeinse gebakte klei-houers, baie soos die tradisionele Vendapotte hier in ons omgewing. Dit is nie soos die geglasuurde erdewerk wat ons ken nie.

Met hierdie beeld kondig Paulus aan dat ons hele menswees na liggaam, siel en gees, net so breekbaar is soos hierdie tipe kleipotte.

Dit is die belangrike openbaring oor ons menswees: niks in ons menswees is nie breekbaar nie.

Nie ons liggaam nie: ons kan kragtig as mens leef en werk ver jare en dan is dit net een liggaamsdeel wat verkeerd groei, net één aar, net één senudraad, net een orgaan wat net eenkeer nie reg werk nie, wat genoeg is dat ons die lewe liggaamlik verloor.

Nie ons siel nie: dit is nie so dat ons in ons lewe verskans is in die krag van ons gedagte- en gevoelswêreld nie. Geen gevoel of gedagte is so sterk dat dit ons teen enige breekbaarheid kan staal nie. Dit is juis in ons gevoelens en gedagtes dat ons as mense só afgebreek en geknak word dat ons nie meer die lewe kan aanvoel of raaksien nie.

Ons is ook nie in ons gees onbreekbaar nie. Ook in ons verhouding tot God is ons net so breekbaar deur ons eie en die wêreld se sondes.

God bewaar ons vir die kosbaarheid om Christus se lewe te deel

2. Dit is die besondere van Paulus se aankondiging oor die breekbaarheid van ons menswees, teenoor die kragtigheid wat die mens glo in sy gees opgesluit lê.

Die goddelose mens glo in die krag van sy eie gees: deur die kunswerke, die tegniese skeppings, die kultuurskatte wat die mens in en deur sy gees tot stand bring, glo mense hulle gees is onsterflik en onbreekbaar.

Geestelike mense glo weer hulle eie gees is goddelik en so deel van God se eie wese, dat hulle in hulle eie gees 'n onuitputbare bron van goddelike krag sien, verhewe bo enige menslike breekbaarheid.

Hierdie geloof in die onbreekbaarheid van die gees van die mens vind ons nie in die Woord van God nie. Ook in sy gees raak die mens só geknak, só gekwel, só gekneus, dat mense geestelik maklik kan breek.

3. Dit is veral met die dood en in die dood dat ons hierdie kwesbaarheid deurleef. Die dood breek ons na liggaam, siel en gees, want dan is ons nie meer mens na liggaam, siel en gees nie. Die dood skeur dit uit mekaar.

Dit is die mag van die dood: dit maak alles wat ons na liggaam, siel en gees vir mekaar in hierdie wêreld is, in hierdie wêreld net herinneringe van die verlede in die gedagtes en gevoelens van mense.

Maar Paulus getuig van 'n krag wat groter is as die breekbaarheid van die mens. Dit is 'n krag waarin ons deel en waaruit ons leef, wat nié breekbaar is nie.

Dit is “die lewe van Christus”

4. Wat is hierdie: “lewe van Christus”, wat nie breekbaar is nie?

Want Jesus was as mens net so breekbaar soos ons, ook breekbaar na liggaam, siel en gees.

Meer nog, in Christus sien ons eintlik die enigste mens wat God regtig tot hier toe gebreek het. Hy is as mens heeltemal gebreek deur God die Vader: in Jesus se woorde aan die kruis, my God, my God waarom het u my verlaat, breek Christus as mens na liggaam, siel en gees, heeltemal stukkend.

God breek Christus as veroordeelde en skuldige sondaar in ons plek.

In Christus sien ons egter ook die eerste mens wat God weer as gebreekte mens weer 'n volkome heel mens gemaak het. Die lewe van Christus, is die lewe wat die Vader weer aan Jesus gegee het deur Hom uit die dood op te wek om vir ewig as mens te lewe in die liefde en guns van God die Vader: lewend as mens na liggaam, siel en gees.

Dit is hierdie lewe wat Christus vandag as mens leef – volkome en heel mens in die guns en liefde van God, vry van enige straf en oordeel van God – waarin ons as gelowiges deel.

God bewaar ons vir die kosbaarheid om Christus se lewe te deel

Dit is die lewe waarin ons deel, wat Paulus so opsom: ¹⁰*Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.*”

En hierdie lewe wat ons met Christus deel, is nie 'n latere byvoeging om invoeging in ons nie. Reeds in die Here se raadsplan met ons voor ons geboorte het Hy ons in hierdie lewe met Christus ingevoeg soos dit ook openbaar word in Jeremia 1: 5: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is het Ek jou aan My gewy”

5. Wat is die geheimenis van kleipotte wat maklik kan breek, maar nie breek nie?

Ons mag dit nooit so sien dat die skat wat die potte hou, die potte verander van breekbare klei na onbreekbare staalpotte nie. Die skat in die potte verander niks aan die breekbaarheid van die kleipotte nie.

Dit gaan oor die Een wat die kleipotte hanteer! Die krag van die Een wat die potte so versigtig hanteer dat Hy sorg dat hulle nie breek nie.

Hoe so?

Want dit gaan oor die kosbaarheid wat hierdie potte in hulle het: graan en wyn. En dit is oor die kosbaarheid van die graan en wyn in hulle, dat hulle gebruik word, maar altyd so versigtig dat die skat in hulle nie verlore gaan nie.

En dit is die geheimenis van hoe ons in al ons breekbaarheid heel bly: want omdat ons die lewe van Christus deel, sy lewe as mens in die guns, liefde, goedheid en trou van God die Vader, sonder enige skuld, oordeel en vloek vir ons sonde -

hanteer God ons altyd met versigtigheid dat ons nie breek nie. Hy hanteer ons altyd met sorg dat die kosbaarheid van die lewe wat ons met Christus deel, nie verlore gaan nie.

6. Wat beteken dit vir ons?

Dit beteken dat ons deur en met al ons breekbaarheid, vir God behoue bly omdat Hy ons so versigtig hanteer terwyl Hy ons gebruik as houters.

As dit God self is wat ons so versigtig hanteer dat ons nie die skat wat ons in ons dra, verlore laat raak nie,

dan kan en sal ons mos nooit gebreek word nie, ten spyte van ons breekbaarheid: want God self hanteer ons volgens die skat van die lewe van Christus wat ons deel.

Hy sal ons nooit breek soos Hy Christus na liggaam, siel en gees gebreek het nie.

7. Dit is die ontdekking wat Paulus in Christus maak: ek is baie meer as my eie breekbaarheid en swakheid: want ek dra 'n skat in my, die lewe wat Christus met my deel, wat maak dat God my as houer gebruik, maar terselfdertyd sorg dat ek, ter wille van die skat wat in my is, nie gebreek word nie.

God bewaar ons vir die kosbaarheid om Christus se lewe te deel

Ons moet weet hoe swaar werk hierdie kleipotte gedoen het. Hulle is op skouers heen en weer gedra, op bote gelaai, in storms het hulle heen en weer gerol en teen mekaar gestamp – maar die eenaars het hulle altyd deur al hierdie swaar werk so opgepas dat die skat in hulle nie verlore raak nie.

Daarom verdruk in die swaarkry van werk, maar die Eienaar hanteer dit met sorg sodat dit nie terneergedruk word nie.

Daarom vervolg in swaarkry van diens – maar nooit Godverlate nie.

Daarom neergegooi in storms – maar in die sorg van die Eienaar wat sy skat bewaar, nooit vernietig nie.

8. Dit moet u as familie vandag ook in die lewe van Lizele en uself ontdek: kleipotte wat maklik breek, maar wat deur God met die sorg hanteer word dat die skat wat ons dra, die lewe in en met Christus, nie verlore raak nie en ons daarom behoue bly as kleipotte.

Wanneer u na Lizelle en haar lewe kyk, sal u net 'n kleipot sien met al haar swakheid en breekbaarheid!

Sy is baie in die lewe verdruk gewees, maar nooit so onderdruk dat sy nie weer haarself kon wees nie

Sy was baie kere in haar lewe oor raad verleë, maar het nooit in radeloosheid versink nie.

Sy was baie keer op die grond neer gegooi, maar nooit vernietig nie.

Hoekom? Want wanneer u kyk na die skat in haar, die lewe wat sy met Christus deel, dan sal u sien hoe God gesorg het, bewaar het, beskerm het en altyd so versigtig hanteer het dat terwyl God haar vir al die swaar en moeilike werk wat sy moes doen gegee het, Hy haar so versigtig hanteer het dat sy altyd vir God behoue was.

En nou?

Het God die kleipot gebreek? Het God haar opgebruik en stukkend gebruik en nou is sy stukkend weggegooi?

Dit kan maklik so lyk as u na haar liggaam gekyk het, afgebreek, afgetakel en stukkend gebreek!

Maar deel sy nie meer in die skat nie, in die lewe van Christus nie? Het hierdie skat nou in haar verlore geraak?

Neergegooi maar nie vernietig nie! Sy deel nog steeds in die lewe van Christus, en daarom sal God haar ook in die dood met dieselfde sorg hanteer waarmee Hy haar sy hele lewe lank hanteer het. Behoue laat bly deur alles wat haat so maklik kon gebreek het!

God bewaar ons vir die kosbaarheid om Christus se lewe te deel

Sy kan nie deur die dood hierdie skat in haar verloor nie: om te deel in die lewe van Christus.

U moet dit ook vir uself ontdek!

Wanneer u na uself kyk in u eie rou en verlies met haar dood, is al wat ons sien, dat ons kleipotte is wat maklik deur iets soos hierdie dood kan breek.

Maar dit is nie al wat u mag sien nie. Ons deel in die lewe van Christus: dit is die skat in ons! En daarom weet ons dat in hierdie en alle ander swaarkry, God ons met die sorg en versigtigheid sal hanteer om hierdie skat vir Hom en ons behoue te laat bly: ons lewe met Christus.

Wie homself en die skat in hom kan raaksien, kan swaarkry en die God wat ons gebruik en versorg, in hierdie swaarkry raaksien.

Anders gaan ons dink ons is vernietig as ons neergegooi word,
al is dit nie waar nie;

gaan ons voel ons is terneergedruk as ons verdruk word, al is dit nie waar nie;

en gaan ons glo ons is Godverlate as ons vervolg word, al is dit nie waar nie.

Kom ons sien onself in alles vir wat ons is, kleipotte wat maklik breek. Maar kom ons sien ook hoe sorgsaam God ons hanteer in alle uitdagings omdat ons die skat van die lewe met Christus deel!